PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *17 Oktober 2021*

Vanoggend se erediens

Tema: Wat gemaak as jou fees opraak?
Skriflesing: Joh 2:1-11

Ons Program

Vandag

Nagmaaldiens om 9:30 olv ds. Retief Botha
Sondagskool - Geen
Deuroffer: Geestelike Bearbeiding van Naskoolse Jeug en Multikuturele Bediening
Verversing: U is welkom om na die erediens 'n verversing te kom geniet buite op die kerkterrein. Baie dankie aan Wyk 5 wat gesorg het vir die verversings.

Sondag 24 Oktober

Formele erediens om 9:30 olv ds. Fanus Henning
Sondagskool
Deuroffer: Erediens Netwerk
Verversingsbeurt: Leeukuil Wyk

Oktober - Tiende Maand insameling

Die kerk se Augustus maand insameling het verskuif na Oktober, *die Tiende Maand*.
Die indeling van die bydrae is soos volg:
1/3 *Vir Bybelverspreiding*
1/3 *Vir Sending*
1/6 *Vir Ons Woning en*
1/6 *Vir Ons Kinderhuis*
Bydraes kan soos altyd Sondae in die kollekte-bordjie gegooi word, by die kerkkantoor inbetaal word of elektronies oorbetaal word met die verwysing: *Voorletters+Van+10de maand*

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Oktober
18 Merlind Janse Van Rensburg; Terblanche Naudé; Dirk Terblanche
19 Jorrie Jordaan; Elmien Thom
22 Johan De Lange

John John en Sonja van Niekerk

Baie geluk met jul baba dogtertjie
Marlené, mag sy vir julle net vreugde bring!

Nuwe lidmate

Baie welkom aan Werner en Amelia Le Roux, hulle vorm deel van Wyk 4. Mag julle gou inskakel in ons gemeente en baie gelukkig wees.

Voorbidding

- ✎ Ds. Jaco Thom - Sterk aan by die huis na operasie.
- ✎ Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ✎ Phillip van Vuuren - In die hospitaal opgeneem vir Covid
- ✎ Minnie Griessel - Oog operasie gekry.
- ✎ Mina Hugo - Gaan nie baie goed met haar nie.

Vrouebedieningafsluiting:

'n Heerlike middag word beplan vir Woensdag 10 November 2021 by Karibu.
Tyd: 14:30
Spreker: Marelize Bekker
Koste: R25 per persoon
Kaartjies sal by Ouderlingsvroue en die kerkkantoor beskikbaar wees.
Moet dit nie misloop nie en bring 'n vriendin/buurvrou saam.

Poppieprojek

Ons kom jaarliks bymekaar om die gebreide poppies aanmekaar te sit, maar ons wil hierdie keer vra dat elkeen wat brei, die poppies voltooid sal inhandig teen 12 November 2021.

Koekieprojek

Die jaarlikse koekieprojek, wanneer ons koekies aan ons bejaardes gee, is geskeduleer vir 18 November 2021 - moenie vergeet nie